UNIE VAN SUID-AFRIKA
UNION OF SOUTH AFRICA

Staatskoerant
Government Gazette

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

VOL. CLXVII.] PRYS 6d. PRETORIA, 21 MAART / 21 MARCH 1952. PRICE 6d. [No. 4809.

SOUTH AFRICA LIBRARY

INHOUD.

Alle Proklamasies, Goewerments- en Algemene Kennisgewings, wat vir die eerste maal gepubliseer word, is in die linker-bohoek met 'n ✱ gemerk.

Proklamasies en Goewermentskennisgewings in „Buitengewone Staatskoerante" gepubliseer, word vir verwysingsdoeleindes in die weeklikse inhoudsopgawe ingesluit.

No.		BLADSY
	Wette.	
✱ 469.	Wet No. 1 van 1952: Wysigingswet op Vervreemding van Staatsgronde, 1952; No. 2 van 1952: Wysigingswet op die Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg (Privaat) Wet, 1952; No. 3 van 1952: Radiowet, 1952; No. 4 van 1952: Wysigingswet op Finansiële Verhoudings, 1952 (*B.S.* No. 4802).	
✱ 508.	Wet No. 5 van 1952: Wet op Openbare Feesdae, 1952 (*B.S.* No. 4803).	
	Proklamasies.	
✱ 35.	Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet: Geproklameerde Gebied van Witbank	1
✱ 36.	Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet: Geproklameerde Gebied van Wesselsbron	2
✱ 37.	Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet: Proklamasie van Sekere Gebiede in die Magistraatsdistrikte Odendaalsrus en Ventersburg	2
✱ 38.	Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet: Geproklameerde Gebied van Ottosdal	3
✱ 39.	Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet: Regulasies op die Beheer van Registrasie in die Stads- en Omstedelike Gebied van Randfontein	4
✱ 40.	Toepassing van die Bepalings van die Wet op die Voorkoming van Onregmatige Plakkery op die Magistraatsdistrik Stellenbosch	5
✱ 41.	Toepassing van die Bepalings van die Wet op die Voorkoming van Onregmatige Plakkery op die Magistraatsdistrik Caledon	5
✱ 42.	Proklamasie dat die Verklaarde Gewig van 'n Sak van die Ware of Goedere wat Gespesifiseer word, die Gewig is wat ten opsigte van Sulke Ware of Goedere gemeld word	5
✱ 43.	Instelling van die Grondbewaringsgebied Shongweni-dam	6
	Goewermentskennisgewings.	
	KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER EN DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE:	
✱ 538.	Aanstelling van Persoonlike Personeel van Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal	7
	DEPARTEMENT VAN FINANSIES:	
✱ 513.	Sluiting van Oordragboeke	7
✱ 523.	Aanstelling van Registrateur van Banke ...	7
✱ 524.	Aanstelling van Registrateur van Bouverenigings	8
✱ 525.	Aanstelling van Waarnemende Koopvaardymeester, Kaapstad	8
✱ 526.	Aanstelling van Waarnemende Ontvanger van Doeane en Aksyns, Kaapstad	8
✱ 527.	Aanstelling van Waarnemende Ontvanger van Doeane en Aksyns, Johannesburg	8
✱ 535.	Saamgestelde Maandelikse Opgawes deur Permanente Bouverenigings	8
✱ 537.	Kwartaalstate deur Handelsbanke	9
✱ 545.	Suid-Afrikaanse Reserwebank: Weeklikse Staat	16

B.S.—Buitengewone Staatskoerant.

CONTENTS.

All Proclamations, Government and General Notices published for the first time, are indicated by a ✱ in the left-hand upper corner.

For purposes of reference, Proclamations and Government Notices published in "Gazettes Extraordinary" are included in the weekly index.

No.		PAGE
	Acts.	
✱ 469.	Act No. 1 of 1952: State Lands Disposal Amendment Act, 1952; No. 2 of 1952: University of the Witwatersrand, Johannesburg (Private) Act, Amendment Act, 1952; No. 3 of 1952: Radio Act, 1952; No. 4 of 1952: Financial Relations Amendment Act, 1952 (*G.G.E.* No. 4802).	
✱ 508.	Act No. 5 of 1952: Public Holidays Act, 1952 (*G.G.E.* No. 4803).	
	Proclamations.	
✱ 35.	Natives (Urban Areas) Consolidation Act: Proclaimed Area of Witbank	1
✱ 36.	Natives (Urban Areas) Consolidation Act: Proclaimed Area of Wesselsbron	2
✱ 37.	Natives (Urban Areas) Consolidation Act: Proclamation of Certain Areas in the Magisterial Districts of Odendaalsrus and Ventersburg	2
✱ 38.	Natives (Urban Areas) Consolidation Act: Proclaimed Area of Ottosdal	3
✱ 39.	Natives (Urban Areas) Consolidation Act: Control of Registration Regulations in the Urban and Peri-Urban Areas of Randfontein	4
✱ 40.	Application of the Provisions of the Prevention of Illegal Squatting Act to the Magisterial District of Stellenbosch ...	5
✱ 41.	Application of the Provisions of the Prevention of Illegal Squatting Act to the Magisterial District of Caledon ...	5
✱ 42.	Proclamation that the Stated Weight of a Sack or a Bag of Commodities or Goods Specified shall be the Weight set out in Respect of such Commodity or Goods	5
✱ 43.	Establishment of the Shongweni Dam Soil Conservation Area	6
	Government Notices.	
	OFFICE OF THE PRIME MINISTER AND DEPARTMENT OF EXTERNAL AFFAIRS:	
✱ 538.	Appointment of Personal Staff of His Excellency the Governor-General	7
	DEPARTMENT OF FINANCE:	
✱ 513.	Closing of Transfer Books	7
✱ 523.	Appointment of Registrar of Banks	7
✱ 524.	Appointment of Registrar of Building Societies	8
✱ 525.	Appointment of Acting Shipping Master, Cape Town	8
✱ 526.	Appointment of Acting Collector of Customs and Excise, Cape Town	8
✱ 527.	Appointment of Acting Collector of Customs and Excise, Johannesburg	8
✱ 535.	Composite Monthly Returns by Permanent Building Societies	8
✱ 537.	Quarterly Statements by Commercial Banks	9
✱ 545.	South African Reserve Bank: Weekly Statement	16

G.G.E.—Government Gazette Extraordinary.

Goewermentskennisgewings (vervolg).

No. BLADSY

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE:

* 518. Wysiging van die Reëls van die Appèlafdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika 16
* 519. Wysiging van die Regulasies vir die Suid-Afrikaanse Polisie 16
* 550. Bepaling kragtens die Drankwet, 1928 ... 17

DEPARTEMENT VAN VERVOER:

442. Wet op Lugdienste, 1949: Aansoeke 17
* 539. Adviserende Komitee vir Burgerlugvaart: Aanstelling van Verteenwoordigende Lid 18
* 541. Lys van Lugvervoerderslisensies Toegestaan 19

DEPARTEMENT VAN LANDBOU:

* 509. Minimum- en Kwaliteitspryse vir Wyn, Tydperk waarin Betalings moet geskied, Rente Betaalbaar op Agterstallige Betalings en Persentasie Wyn wat teen Kwaliteitsprys verkry moet word (*B.S.* No. 4805).
* 522. Oliesaadbeheerraad: Aanstelling van Lede 22

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID:

* 505. Maksimum Pryse van Kruideniersware: Hawermout en Hawermeel (*B.S.* No. 4805).
* 506. Kleremakery op Maat: Pryse van Materiaal en Uitreiking van Fakture (*B.S.* No. 4805).
* 507. Fabrikante se Pryse vir Klere en Maksimum Pryse vir Sny, Maak en/of Afwerk van Kledingstukke (*B.S.* No. 4805).
* 534. Wysiging van Regulasies op Mate en Gewigte 22

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE:

* 528. Wet tot Regeling van Immigratie: Amptenaar Gemagtig om Tydelike Permitte te Onderteken 24
* 529. Naamsverandering: Devos na Deveaux 24
* 530. Aanstelling van Huweliksbevestigers: Wysiging 24
* 531. Herroeping van Aanstellings as Huweliksbevestigers 25
* 532. Aanstelling as Huweliksbevestigers 25
* 533. Aanstelling van Staatsamptenare as Huweliksbevestigers 26
* 536. Aanstelling van Waarnemende Kommissaris van Immigrasie en Asiatesake ... 26
* 546. Verkiesing van Senator vir die Provinsie Kaap die Goeie Hoop 26

DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING:

* 516. Wysiging van die Regulasies vir die Suid-Afrikaanse Staande Mag 26
* 540. Bedanking van Offisiere uit die Unieverdedigingsmag 27
* 544. Teruggee van Opgekommandeerde Gewere 28

DEPARTEMENT VAN POS EN TELEGRAAFWESE:

* 517. Wysiging van die Telefoonregulasies ... 31
* 551. Aanstelling van Bestuurder van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie 32

DEPARTEMENT VAN ARBEID:

* 503. Bounywerheid, Westelike Provinsie: Ooreenkoms vir die Skiereiland (*B.S.* No. 4806).
* 504. Bounywerheid, Westelike Provinsie: Kennisgewing kragtens die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk (*B.S.* No. 4806).
* 514. Verlenging van Termyne van Toepassing van die Ooreenkomste vir die Kleremakery-op-maatnywerheid, Pretoria ... 29
* 515. Bounywerheid, Kimberley: Aanwysing van Bedrywe en Voorskrywing van Leervoorwaardes 29
* 520. Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk: Onafgebroke Werk: Gingindhlovu Motors and Power Supply 29
* 521. Intrekking van Registrasie van 'n Vakvereniging 29
* 547. Mynbounywerheid: Aanwysing van Bedrywe en Voorskrywing van Leervoorwaardes 30
* 548. Komitee vir Vakleerlinge in die Mynnywerheid: Indiensneming en Beëindiging van Diens van Minderjariges in Aangewese Bedrywe 30
* 549. Elektrisiteitsleweringsnywerheid: Voorskrywing van Leervoorwaardes 31

(Vir vervolg sien tweede laaste bladsy.)

Government Notices (continued).

No. PAGE

DEPARTMENT OF JUSTICE:

* 518. Amendment of the Rules of the Appelate Division of the Supreme Division of The Supreme Court of South Africa ... 16
* 519. Amendment to the Regulations for the South African Police 16
* 550. Determination Made in Terms of The Liquor Act, 1928 17

DEPARTMENT OF TRANSPORT:

442. Air Services Act, 1949: Applications ... 17
* 539. Civil Aviation Advisory Committee: Appointment of Representative Member 18
* 541. Schedule of Air Carrier Licences Granted 19

DEPARTMENT OF AGRICULTURE:

* 509. Minimum and Quality Prices for Wine, Period within which Payment shall be Made, Interest Payable on Arrear Payments and Percentage of Wine to be Acquired at Quality Price (*G.G.E.* No. 4805).
* 522. Oil Seed Control Board: Appointment of Members 22

DEPARTMENT OF COMMERCE AND INDUSTRIES:

* 505. Maximum Prices of Groceries: Breakfast Oats and Oatmeal (*G.G.E.* No. 4805).
* 506. Bespoke Tailoring: Prices of Materials and Issue of Invoices (*G.G.E.* No. 4805).
* 507. Manufacturers' Maximum Prices of Wearing Apparel and Maximum Charges for Cutting, Making and for Trimming of Wearing Apparel (*G.G.E.* No. 4805).
* 534. Amendments of the Weights and Measures Regulations 22

DEPARTMENT OF INTERIOR:

* 528. Immigrants Regulation Act: Officer Authorised to Sign Temporary Permits 24
* 529. Change of Name: Devos to Deveaux ... 24
* 530. Appointment of Marriage Officers: Amendment 24
* 531. Revocation of Appointments of Marriage Officers 25
* 532. Appointment as Marriage Officers 25
* 533. Appointment of Public Officers as Marriage Officers 26
* 536. Appointment of Acting Commissioner for Immigration and Asiatic Affairs 26
* 546. Election of Senator for the Province of the Cape of Good Hope 26

DEPARTMENT OF DEFENCE:

* 516. Amendment to the Regulations for the South African Permanent Force 26
* 540. Resignation of Commissions in the Union Defence Forces 27
* 544. Return of Commandeered Arms 28

DEPARTMENT OF POSTS AND TELEGRAPHS:

* 517. Amendments to the Telephone Regulations 31
* 551. Appointment as Governor of the South African Broadcasting Corporation 32

DEPARTMENT OF LABOUR:

* 503. Building Industry, Western Province: Peninsula Agreement (*G.G.E.* No. 4806).
* 504. Building Industry, Western Province: Notice in terms of the Factories, Machinery and Building Work Act (*G.G.E.* No. 4806).
* 514. Extension of Period of Operation of the Agreement for the Bespoke Tailoring Industry, Pretoria 29
* 515. Building Industry, Kimberley: Designation of Trades and Prescription of Conditions of Apprenticeship 29
* 520. Factories, Machinery and Building Works Act: Continuous Working: Gingindhlovu Motors and Electric Power Supply 29
* 521. Cancellation of Registration of a Trade Union 29
* 547. Mining Industry: Designation of Trades and Proposed Prescription of Conditions of Apprenticeship 30
* 548. Mines Apprenticeship Committee: Engagement and Termination of Services of Minors in Designated Trades 30
* 549. Electricity Supply Undertaking: Prescription of Conditions of Apprenticeship 31

(Continued on inside back cover.)

PROKLAMASIES

VAN SY EKSELLENSIE DIE EDELE ERNEST GEORGE JANSEN, DOKTOR IN DIE REGTE, GOEWERNEUR-GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

✱ No. 35, 1952.]

GEPROKLAMEERDE GEBIED VAN WITBANK.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) en subartikel (1) *bis* van artikel *drie-en-twintig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), soos gewysig, verklaar ek hierby dat, met ingang van die eerste dag van April 1952, die omskrywing van die geproklameerde gebied van Witbank soos vervat in deel II van die Bylae van Proklamasie No. 134 van 1928, soos gewysig by Proklamasie No. 221 van 1950, ingetrek en vervang word deur die omskrywing wat in die Bylae hiervan vervat word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Agt-en-twintigste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Twee-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

H. F. VERWOERD.

BYLAE.

II. DIE GEPROKLAMEERDE GEBIED VAN WITBANK.

Die gebied bestaande uit die volgende plase:—

(*a*) *In die magistraatsdistrik Witbank.*

Bankfontein No. 66, Blaauwkrans No. 62, Blesboklaagte No. 29, Boschmansfontein No. 75, Driefontein No. 28, Elandsfontein No. 8, Goedgevonden No. 23, Groenfontein No. 73, Grootpan No. 67, Hartebeestfontein No. 51, Hartebeestlaagte No. 40, Hartebeestspruit No. 9, Heuningskrans No. 36, Heuvelfontein No. 48, Joubertsrust No. 16, Kleinsuikerboschplaat No. 37, Kleinwater No. 57, Klipfontein No. 17, Klipfontein No. 38, Klipfontein No. 60, Klipfontein No. 98, Klippan No. 72, Klipplaat No. 47, Klippoortjie No. 79, Kromdraai No. 30, Kromdraai No. 81, Kromfontein No. 76, Leeuwpoort No. 27, Nooitgedacht No. 5, Nooitgedacht No. 12, Oogiesfontein No. 65, Prinshof No. 59, Rondebult No. 4, Roodepoortjie No. 49, Schoongezicht No. 13, Smaldeel No. 70, Steenkoolspruit No. 46, Tweefontein No. 43, Tweefontein No. 69, Uitspan No. 15, Vaalkrans No. 24, Van Dyksdrift No. 77, Van Dyk's Put No. 88, Vlakfontein No. 50, Vlaklaagte No. 71, Vlakvarkfontein No. 101, Waterpan No. 68, Weltevreden No. 63, Wildebeesfontein No. 64, Witbank No. 61, Wolwekrans No. 44, Zaaiwater No. 74, Zeekoewater No. 14.

(*b*) *In die magistraatsdistrik Middelburg.*

Arendsfontein No. 332, Boschmanskrans No. 156, Eikenboom No. 218, Enkeldebosch No. 295, Uitkyk No. 337, Vaalbank No. 182.

Gedeelte van die plaas Blesbokvlakte No. 409, die eiendom van die Blesbok Colliery, Ltd.

Gedeelte No 7, 'n Gedeelte van Gedeelte 1 van Gedeelte B, bekend as Ebenezer, van die plaas Hartbeestfontein No. 127.

(*c*) *In die magistraatsdistrik Bethal.*

Blesbokfontein No. 130, Frischgewaagd No. 12, Middeldrift No. 133, Nooitgedacht No. 23, Vaalpan No. 13, Vierfontein No. 11, Vlaklaagte No. 35.

PROCLAMATIONS

BY HIS EXCELLENCY THE HONOURABLE ERNEST GEORGE JANSEN, DOCTOR OF LAWS, GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

✱ No. 35, 1952.]

PROCLAIMED AREA OF WITBANK.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) and sub-section (1) *bis* of section *twenty-three* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, I hereby declare that with effect from the first day of April, 1952, the definition of the proclaimed area of Witbank, contained in Part II of the Schedule to Proclamation No. 134 of 1928, as amended by Proclamation No. 221 of 1950, shall be withdrawn and the definition contained in the Schedule hereto substituted therefor.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Twenty-eighth day of February, One thousand Nine hundred and Fifty-two.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

H. F. VERWOERD.

SCHEDULE.

II. THE PROCLAIMED AREA OF WITBANK.

The area comprised of the following farms:—

(*a*) *In the Magisterial District of Witbank.*

Bankfontein No. 66, Blaauwkrans No. 62, Blesboklaagte No. 29, Boschmansfontein No. 75, Driefontein No. 28, Elandsfontein No. 8, Goedgevonden No. 23, Groenfontein No. 73, Grootpan No. 67, Hartebeestfontein No. 51, Hartebeestlaagte No. 40, Hartebeestspruit No. 9, Heuningskrans No. 36, Heuvelfontein No. 48, Joubertsrust No. 16, Kleinsuikerboschplaat No. 37, Kleinwater No. 57, Klipfontein No. 17, Klipfontein No. 38, Klipfontein No. 60, Klipfontein No. 98, Klippan No. 72, Klipplaat No. 47, Klippoortjie No. 79, Kromdraai No. 30, Kromdraai No. 81, Kromfontein No. 76, Leeuwpoort No. 27, Nooitgedacht No. 5, Nooitgedacht No. 12, Oogiesfontein No. 65, Prinshof No. 59, Rondebult No. 4, Roodepoortjie No. 49, Schoongezicht No. 13, Smaldeel No. 70, Steenkoolspruit No. 46, Tweefontein No. 43, Tweefontein No. 69, Uitspan No. 15, Vaalkrans No. 24, Van Dyksdrift No. 77, Van Dyk's Put No. 88, Vlakfontein No. 50, Vlaklaagte No. 71, Vlakvarkfontein No. 101, Waterpan No. 68, Weltevreden No. 63, Wildebeesfontein No. 64, Witbank No. 61, Wolwekrans No. 44, Zaaiwater No. 74, Zeekoewater No. 14.

(*b*) *In the Magisterial District of Middelburg.*

Arendsfontein No. 332, Boschmanskrans No. 156, Eikenboom No. 218, Enkeldebosch No. 295, Uitkyk No. 337, Vaalbank No. 182.

Portion of the farm Blesbokvlakte No. 409, owned by the Blesbok Colliery, Ltd.

Portion No. 7, a Portion of Portion I of Portion B called Ebenezer of the farm Hartbeestfontein No. 127.

(*c*) *In the Magisterial District of Bethal.*

Blesbokfontein No. 130, Frischgewaagd No. 12, Middeldrift No. 133, Nooitgedacht No. 23, Vaalpan No. 13, Vierfontein No. 11, Vlaklaagte No. 35.

✱ No. 36, 1952.]

GEPROKLAMEERDE GEBIED VAN WESSELSBRON.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van subartikel (1) *bis* van artikel *drie-en-twintig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), soos gewysig, verklaar ek hierby dat die stadsgebied Wesselsbron met ingang van die eerste dag van April 1952, 'n gebied as waarop die bepalings van genoemde artikel van toepassing is.

En verder gelas ek die stedelike plaaslike bestuur van Wesselsbron om die bevoegdhede genoem in paragrawe (*a*) tot en met (*h*) van subartikel (1) van genoemde artikel *drie-en-twintig*, met ingang van die eerste dag van April 1952, in genoemde gebied uit te oefen, behalwe dat genoemde bevoegdhede ten opsigte van 'n werkgewer wat in genoemde gebied na goud of steenkool delf en 'n naturel wat in verband met die delf na goud of steenkool by so 'n werkgewer in diens is, deur my en nie deur die stedelike plaaslike bestuur van Wesselsbron nie, uitgeoefen word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Agt-en-twintigste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Twee-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

H. F. VERWOERD.

✱ No. 36, 1952.]

PROCLAIMED AREA OF WESSELSBRON.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) and sub-section (1) *bis* of section *twenty-three* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, I do hereby declare that with effect from the first day of April, 1952, the urban area of Wesselsbron shall be an area subject to the provisions of the said section.

And I do further require the urba local authority of Wesselsbron to exercise with effect from the first day of April, 1952, within the urban area of Wesselsbron, the powers specified in paragraphs (*a*) to and including (*h*) of sub-section (1) of the said section *twenty-three*, save that in respect of any employer engaged in mining for gold or coal in the urban area of Wesselsbron and any native employed by such employer in connection with such mining for gold or coal, the said powers shall be exercised by me and not by the urban local authority of Wesselsbron.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Twenty-eighth day of February, One thousand Nine hundred and Fifty-two.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency
the Governor-General-in-Council.

H. F. VERWOERD.

✱ No. 37, 1952.]

PROKLAMASIE VAN SEKERE GEBIEDE IN DIE MAGISTRAATSDISTRIKTE ODENDAALSRUS EN VENTERSBURG, ORANJE-VRYSTAAT, KRAGTENS ARTIKEL *DRIE-EN-TWINTIG* VAN WET No. 25 VAN 1945, SOOS GEWYSIG.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) en subartikel (1) *bis* van artikel *drie-en-twintig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), soos gewysig, verklaar ek hierby dat die gebiede omskryf in die Bylaes hiervan, met ingang van die eerste dag van April 1952, gebiede is waarop die bepalings van genoemde artikel van toepassing is.

En verder verklaar ek dat ek, behoudens die bepalings van die eersvolgende paragraaf, al die bevoegdhede in paragrawe (*a*) tot en met (*h*) van genoemde artikel *drie-en-twintig* gemeld, met ingang van genoemde eerste dag van April 1952, ten opsigte van genoemde gebiede sal uitoefen.

En verder gelas ek die stedelike plaaslike besture van Odendaalsrus, Welkom en Allanridge om die bevoegdhede in paragrawe (*a*) tot en met (*b*) van subartikel (1) van genoemde artikel *drie-en-twintig* gemeld, met ingang van genoemde eerste dag van April 1952, in die gebiede wat onderskeidelik in die Eerste, Tweede en Derde Bylaes omskryf word, uit te oefen, behalwe dat genoemde bevoegdhede ten opsigte van 'n werkgewer wat in die gebiede aldus omskryf, na goud of steenkool delf en 'n naturel wat in verband met die delf na goud of steenkool by so 'n werkgewer in diens is, deur my en nie deur die betrokke stedelike plaaslike besture nie, uitgeoefen word.

En verder verklaar ek dat Proklamasies Nos. 238 van 1950, 191 van 1951 en 229 van 1951, hierby met ingang van die eerste dag van April 1952, herroep word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Agt-en-twintigste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Twee-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

H. F. VERWOERD.

✱ No. 37, 1952.]

PROCLAMATION OF CERTAIN AREAS IN THE MAGISTERIAL DISTRICTS OF ODENDAALSRUS AND VENTERSBURG, ORANGE FREE STATE, UNDER SECTION *TWENTY-FOUR* OF ACT No. 25 OF 1945, AS AMENDED.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) and sub-section (1) *bis* of section *twenty-three* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, I do hereby declare that with effect from the first day of April, 1952, the areas defined in the Schedules hereto shall be areas subject to the provisions of the said section.

And I do further declare that I shall, subject to the provisions of the next succeeding paragraph, exercise with effect from the said first day of April, 1952, in respect of the said areas, all the powers specified in paragraphs (*a*) to and including (*h*) of the said section *twenty-three*.

And I do further require the urban local authorities of Odendaalsrus, Welkom and Allanridge to exercise, with effect from the said first day of April, 1952, within the areas specified in the First, Second and Third Schedules respectively the powers specified in paragraphs (*a*) to and including (*h*) of sub-section (1) of the said section *twenty-three* save that in respect of any employer engaged in mining for gold or coal in the areas so specified and any native employed by such employer in connection with such mining for gold or coal, the said powers shall be exercised by me and not by the urban local authorities concerned.

And I do further declare that Proclamations Nos. 238 of 1950, 191 of 1951 and 229 of 1951 are hereby repealed with effect from the first day of April, 1952.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Twenty-eighth day of February, One thousand Nine hundred and Fifty-two.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency
the Governor-General-in-Council.

H. F. VERWOERD.

EERSTE BYLAE.

GEPROKLAMEERDE GEBIED VAN ODENDAALSRUS.

Die gebied begrens deur en insluitende die volgende plase, almal in die magistraatsdistrik Odendaalsrus geleë:—

Leclusa No. 70, Bandon No. 345, Van den Heever's Rust No. 410, Klein Begin No. 111, Philippi No. 414, Dankbaar No. 125, Hestersrust No. 224, Kalkkuil No. 153, Hestersrust No. 129, Utopia No. 366, Onderverdeling 3 van plaas Eva No. 127, Thelma No. 104, Onderverdeling 1 van plaas Eva No. 127, Erfdeel No. 198, Ophir No. 405, Dolly No. 404, Goudrand No. 272.

TWEEDE BYLAE.

GEPROKLAMEERDE GEBIED VAN WELKOM.

Die gebied begrens deur en insluitende die volgende plase, almal in die magistraatsdistrik Odendaalsrus geleë:—

De Hoop No. 357, Arrarat No. 56, Gedachtenis No. 199, Lotgeval No. 196, Tochgekregen No. 99, Rietpan No. 174, Oudersgift No. 248, Elim No. 164, Rheeders Dam No. 315, Meribah No. 168, Jacobasrust No. 372, Therons Rust No. 69, Theronia No. 271, Vlakplaats No. 267, St Helena No. 142, The Prairie No. 293, Ongegund No. 13, Stuurmanspan No. 92, Klippan No. 403, Witpan No. 62, Uitsig No. 294, Nooitgedacht No. 74, De Hoop No. 276.

DERDE BYLAE.

GEPROKLAMEERDE GEBIED VAN ALLANRIDGE.

Die gebied begrens deur en insluitende die volgende plase, almal in die magistraatsdistrik Odendaalsrus geleë:—

Roodebloem No. 255, Loraine No. 306, Tredenham No. 133, Diamant No. 37, Kromdraai No. 386, Uitkijk No. 258, Wessels Rust No. 58, Philadelphia No. 273, My Betty No. 351, Wessels Gunst No. 261, Buitendach's Hoop No. 122, Weltevreden No. 59, Roodepoort No. 235, Vriendskap No. 234, Rustoord No. 33, Katbosch No. 358, Damplaats No. 361, Johannes Rust No. 385.

VIERDE BYLAE.

GEPROKLAMEERDE GEBIED VAN VIRGINIA.

Die gebied begrens deur en insluitende die volgende plase, almal in die magistraatsdistrik Ventersburg geleë:—

La Rivera No. 289, Morijah No. 288, Kaallaagte No. 562, Schoonheid No. 540, Mooi Uitzig No. 352, Dora No. 287, Stilte No. 138, Merriespruit No. 219, Virginia No. 448, Swalluw Krantz No. 312, Niemandsland No. 465, Oostewald No. 621, Vaalkranz No. 220, Rustgevonden No. 564.

✱ No. 38, 1952.]

GEPROKLAMEERDE GEBIED VAN OTTOSDAL.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) en subartikel (1) *bis* van artikel *drie-en-twintig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), soos gewysig, verklaar ek hierby dat die stadsgebied Ottosdal met ingang van die eerste dag van April 1952 'n gebied is waarop die bepalings van genoemde artikel van toepassing is;

FIRST SCHEDULE.

PROCLAIMED AREA OF ODENDAALSRUS.

The area bounded by and including the following farms, all situate in the Magisterial District of Odendaalsrus:—

Leclusa No. 70, Bandon No. 345, Van den Heever's Rust No. 410, Klein Begin No. 111, Philippi No. 414, Dankbaar No. 125, Hestersrust No. 224, Kalkkuil No. 153, Hestersrust No. 129, Utopia No. 366, Subdivision 3 of farm Eva No. 127, Thelma No. 104, Subdivision 1 of farm Eva No. 127, Erfdeel No. 198, Ophir No. 405, Dolly No. 404, Goudrand No. 272.

SECOND SCHEDULE.

PROCLAIMED AREA OF WELKOM.

The area bounded by and including the following farms, all situate in the Magisterial District of Odendaalsrus:—

De Hoop No. 357, Arrarat No. 56, Gedachtenis No. 199, Lotgeval No. 196, Tochgekregen No. 99, Rietpan No. 174, Oudersgift No. 248, Elim No. 164, Rheeders Dam No. 315, Meribah No. 168, Jacobasrust No. 372, Therons Rust No. 69, Theronia No. 271, Vlakplaats No. 267, St. Helena No. 142, The Prairie No. 293, Ongegund No. 13, Stuurmanspan No. 92, Klippan No. 403, Witpan No. 62, Uitsig No. 294, Nooitgedacht No. 74, De Hoop No. 276.

THIRD SCHEDULE.

PROCLAIMED AREA OF ALLANRIDGE.

The area bounded by and including the following farms, all situate in the Magisterial District of Odendaalsrus:—

Roodebloem No. 255, Loraine No. 306, Tredenham No. 133, Diamant No. 37, Kromdraai No. 386, Uitkijk No. 258, Wessels Rust No. 58, Philadelphia No. 273, My Betty No. 351, Wessels Gunst No. 261, Buitendach's Hoop No. 122, Weltevreden No. 59, Roodepoort No. 235, Vriendskap No. 234, Rustoord No. 33, Katbosch No. 358, Damplaats No. 361, Johannes Rust No. 385.

FOURTH SCHEDULE.

PROCLAIMED AREA OF VIRGINIA.

The area bounded by and including the following farms, situate in the Magisterial District of Ventersburg:—

La Rivera No. 289, Morijah No. 288, Kaallaagte No. 562, Schoonheid No. 540, Mooi Uitzig No. 352, Dora No. 287, Stilte No. 138, Merriespruit No. 219, Virginia No. 448, Swalluw Krantz No. 312, Niemandsland No. 465, Oostewald No. 621, Vaalkranz No. 220, Rustgevonden No. 564.

✱ No. 38, 1952.]

PROCLAIMED AREA OF OTTOSDAL.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) and sub-section (1) *bis* of section *twenty-three* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, I do hereby declare that with effect from the first day of April, 1952, the urban area of Ottosdal shall be an area subject to the provisions of the said section;

En verder gelas ek die stedelike plaaslike bestuur van Ottosdal om die bevoegdhede genoem in paragrawe (*a*) tot en met (*h*) van subartikel (1) van genoemde artikel *drie-en-twintig*, met ingang van die eerste dag van April 1952 in genoemde gebied uit te oefen, behalwe dat genoemde bevoegdhede ten opsigte van 'n werkgewer wat in genoemde gebied na goud of steenkool delf en 'n naturel wat in verband met die delf na goud of steenkool by so 'n werkgewer in diens is, deur my en nie deur die stedelike plaaslike bestuur van Ottosdal nie, uitgeoefen word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Agt-en-twintigste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Twee-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

H. F. VERWOERD.

✱ No. 39, 1952.]

REGULASIES OP DIE BEHEER VAN REGISTRASIE IN DIE STADS- EN OMSTEDELIKE GEBIED VAN RANDFONTEIN.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) en subartikel (1) *bis* van artikel *drie-en-twintig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), soos gewysig, gelas ek die stedelike plaaslike bestuur van Randfontein hierby om in die gebied wat in bygaande Bylae omskryf word en deel uitmaak van die geproklameerde gebied van Randfontein soos omskryf in Proklamasie No. 134 van 1928, soos gewysig, die bevoegdhede vermeld in paragrawe (*a*) tot en met (*h*) van subartikel (1) van genoemde artikel *drie-en-twintig*, met ingang van die eerste dag van April 1952 uit te oefen, behalwe dat genoemde bevoegdhede ten opsigte van 'n werkgewer wat in genoemde gebied na goud of steenkool delf en 'n naturel wat in verband met die delf na goud of steenkool by so 'n werkgewer in diens is, deur my uitgeoefen moet word en nie deur die stedelike plaaslike bestuur van Randfontein nie.

En verder verklaar ek dat, met ingang van die eerste dag van April 1952, die bepalings van Proklamasie No. 134 van 1928, soos gewysig, dienooreenkomstig gewysig word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Nege-en-twintigste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Twee-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

H. F. VERWOERD.

BYLAE.

'n Sekere stuk grond soos aangedui op 'n plan wat in die kantoor van die Sekretaris van Naturellesake bewaar word en as volg begrens:—

Begin by die suidwestelike baken van die plaas Hartebeestfontein No. 27, magistraatsdistrik Randfontein; daarvandaan in 'n algemeen noordelike en oostelike rigting langs die grense van en insluitende die plase Hartebeestfontein No. 27, Wheatlands No. 26, Elandsvlei No. 12 en Rietfontein No. 8, tot by die noordoostelike baken van laasgenoemde plaas op die munisipale grens van Krugersdorp; daarvandaan in 'n algemeen suidoostelike rigting langs die munisipale grens van Krugersdorp tot by die noordwestelike bake van die plaas Vlakfontein No. 14 in die magistraatsdistrik Roodepoort; daarvandaan in 'n algemeen suidelike rigting langs die grense van en insluitende die volgende plase in die magistraatsdistrik Randfontein: Gedeelte Rietvalei No. 9, Uitvalfontein No. 10 en Luipaardsvlei No. 30, tot by die suidoostelike baken van laasgenoemde plaas; daarvandaan in 'n algemeen westelike rigting langs die grense van maar

And I do further require the urban local authority of Ottosdal to exercise with effect from the first day of April, 1952, within the urban area of Ottosdal the powers specified in paragraphs (*a*) to and including (*h*) of sub-section (1) of the said section *twenty-three*, save that in respect of any employer engaged in mining for gold or coal in the urban area of Ottosdal and any native employed by such employer in connection with such mining for gold or coal, the said powers shall be exercised by me and not by the urban local authority of Ottosdal.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Twenty-eighth day of February, One thousand Nine hundred and Fifty-two.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

H. F. VERWOERD.

✱ No. 39, 1952.]

CONTROL OF REGISTRATION REGULATIONS IN THE URBAN AND PERI-URBAN AREAS OF RANDFONTEIN.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) and sub-section (1) *bis* of section *twenty-three* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, I hereby require the urban local authority of Randfontein to exercise with effect from the first day of April, 1952, in the area defined in the accompanying Schedule, being portion of the proclaimed area of Randfontein as defined in Proclamation No. 134 of 1928, as amended, the powers specified in paragraphs (*a*) to and including (*h*) of sub-section (1) of the said section *twenty-three*, save that in respect of any employer engaged in mining for gold or coal in the said area and any native employed by such employer in connection with such mining for gold or coal, the said powers shall be exercised by me and not by the urban local authority of Randfontein.

And I do further declare that, with effect from the first day of April, 1952, the provisions of Proclamation No. 134 of 1928, as amended, are modified accordingly.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Twenty-ninth day of February, One thousand Nine hundred and Fifty-two.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

H. F. VERWOERD.

SCHEDULE.

A certain piece of land as shown on a plan filed in the office of the Secretary for Native Affairs and bounded as follows:—

Commencing at the south-western beacon of the farm Hartebeestfontein No. 27, Randfontein Magisterial District; proceeding thence generally northwards and eastwards along the boundaries of and including the farms Hartebeestfontein No. 27, Wheatlands No. 26, Elandsvlei No. 12 and Rietfontein No. 8 to the north-eastern beacon of the last-named farm on the Krugersdorp municipal boundary; thence generally south-eastwards along the Krugersdorp municipal boundary to the north-western beacon of the farm Vlakfontein No. 14 in the Roodepoort Magisterial District; thence generally southwards along the boundaries of and including the following farms in the Randfontein Magisterial District: Portion Rietvalei No. 9, Uitvalfontein No. 10 and Luipaardsvlei No. 30 to the south-eastern beacon of

uitsluitende die volgende plase: Gemsbokfontein No. 31, Gemspost No. 32 en Venterspost No. 33, tot by die suidwestelike baken van die oostelike gedeelte van die plaas Rietfontein No. 34; daarvandaan in 'n algemeen noordwestelike rigting langs die grens gemeen aan die oostelike en westelike gedeeltes van die plaas Rietfontein No. 34 tot by die noordwestelike baken van die oostelike gedeelte (Akteskantoorregister 132 folio 6) van laasgenoemde plaas; daarvandaan in 'n oostelike rigting langs die noordelike grens van laasgenoemde gedeelte tot by die suidwestelike baken van die plaas Hartebeestfontein No. 27, die beginpunt.

✱ No. 40, 1952.]

TOEPASSING VAN DIE BEPALINGS VAN DIE WET OP DIE VOORKOMING VAN ONREGMATIGE PLAKKERY, 1951 (WET No. 52 VAN 1951), OP DIE MAGISTRAATSDISTRIK STELLENBOSCH.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *elf* (1) van die Wet op die Voorkoming van Onregmatige Plakkery, 1951 (Wet No. 52 van 1951), verklaar ek hierby dat die bepalings van genoemde Wet met ingang van die datum van afkondiging hiervan op die magistraatsdistrik Stellenbosch van toepassing is.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Nege-en-twintigste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Twee-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

C. R. SWART.

✱ No. 41, 1952.]

TOEPASSING VAN DIE BEPALINGS VAN DIE WET OP DIE VOORKOMING VAN ONREGMATIGE PLAKKERY, 1951 (WET No. 52 VAN 1951), OP DIE MAGISTRAATSDISTRIK CALEDON.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *elf* (1) van die Wet op die Voorkoming van Onregmatige Plakkery, 1951 (Wet No. 52 van 1951), verklaar ek hierby dat die bepalings van genoemde Wet met ingang van die datum van afkondiging hiervan op die magistraatsdistrik Caledon van toepassing is.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Vierde dag van Maart Eenduisend Negehonderd Twee-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

C. R. SWART.

✱ No. 42, 1952.]

WET OP MATEN EN GEWICHTEN, 1922.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *drie-en-veertig* van die Wet op Maten en Gewichten, 1922 (Wet No. 32 van 1922), soos gewysig by artikel *veertien* van die Wysigingswet op Mate en Gewigte, 1933 (Wet No. 13 van 1933)—

(1) herroep ek hierby Proklamasies Nos. 85 van 1923 en 250 van 1933; en

the last-named farm; thence generally westwards along the boundaries of but excluding the following farms: Gemsbokfontein No. 31, Gemspost No. 32, Venterspost No. 33, to the south-western beacon of the eastern portion of the farm Rietfontein No. 34; thence generally north-westwards along the common boundary of the eastern and western portions of the farm Rietfontein No. 34 to the north-western beacon of the eastern portion (Deeds Office register 132 folio 6) of the last-named farm; thence eastwards along the northern boundary of the last-named portion to the south-western beacon of the farm Hartebeestfontein No. 27, the place of cemmencement.

✱ No. 40, 1952.]

APPLICATION OF THE PROVISIONS OF THE PREVENTION OF ILLEGAL SQUATTING ACT, 1951 (ACT No. 52 OF 1951), TO THE MAGISTERIAL DISTRICT OF STELLENBOSCH.

Under the powers vested in me by section *eleven* (1) of the Prevention of Illegal Squatting Act, 1951 (Act No. 52 of 1951), I do hereby declare that the provisions of the said Act shall apply to the Magisterial District of Stellenbosch with effect from the date of promulgation hereof.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Twenty-ninth day of February, One thousand Nine hundred and Fifty-two.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

C. R. SWART.

✱ No. 41, 1952.]

APPLICATION OF THE PROVISIONS OF THE PREVENTION OF ILLEGAL SQUATTING ACT, 1951 (ACT No. 52 OF 1951), TO THE MAGISTERIAL DISTRICT OF CALEDON.

Under the powers vested in me by section *eleven* (1) of the Prevention of Illegal Squatting Act, 1951 (Act No. 52 of 1951), I do hereby declare that the provisions of the said Act shall apply to the Magisterial District of Caledon with effect from the date of promulgation hereof.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Fourth day of March, One thousand Nine hundred and Fifty-two.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

C. R. SWART.

✱ No. 42, 1952.]

WEIGHTS AND MEASURES ACT, 1922.

Under the powers vested in me by section *forty-three* of the Weights and Measures Act, 1922 (Act No. 32 of 1922), as amended by section *fourteen* of the Weights and Measures Amendment Act, 1933 (Act No. 13 of 1933), I do hereby—

(1) repeal Proclamations Nos. 85 of 1923 and 250 of 1933; and

(2) verklaar ek hierby dat die verklaarde gewig van 'n sak van die ware of goedere wat in die Bylae hiervan gespesifiseer word, die gewig is wat ten opsigte van sulke ware of goedere in genoemde Bylae gemeld word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Nege-en-twintigste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Twee-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade.

E. H. LOUW.

BYLAE.

Ware of goedere.	*Verklaarde gewig.*
Bakkersstrooimeel	180 lb.
Gars	150 lb.
Semels (mielie-)	80 lb.
Semels (koring-)	100 lb.
Bokwiet	150 lb.
Gebreekte koring	200 lb.
Grondboontjies (gedopte)	200 lb.
Grondboontjies (ongedopte)	75 lb.
Mielie-afval	150 lb.
Kafferkoring	200 lb.
Mieliemeelblom	180 lb.
Mout (gars-)	168 lb.
Mout (kafferkoring)	180 lb.
Mielies	200 lb.
Mielies (tweedes)	180 lb.
Mielies (gebreekte)	180 lb.
Meel—	
Boer	200 lb.
Mielie-	180 lb.
Rog-	200 lb.
Kiem-	150 lb.
Mielierys of mieliegruis	180 lb.
Hawer	150 lb.
Hawer (gebreekte)	100 lb.
Uie	120 lb.
Semelmeel	150 lb.
Aartappels	150 lb.
Patats	120 lb.
Rys	160 lb.
Rog	200 lb.
Stampmielies	200 lb.
Sonneblomsaad	100 lb.
Koring	200 lb.

✱ No. 43, 1952.]

VERKLARING TOT 'N GRONDBEWARINGS-GEBIED.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *ses-en-twintig* van die Grondbewaringswet, 1946 (Wet No. 45 van 1946), verklaar ek hierby die gebied omskrywe in die Bylae hiervan en geleë in die magistraatsdistrik Camperdown, in die Provinsie Natal, tot 'n grondbewaringsgebied.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Agste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Twee-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade.

S. P. LE ROUX.

(2) declare that the stated weight of a sack or a bag of the commodities or goods specified in the Annexure hereto, shall be the weight set out in that Annexure in respect of such commodity or goods.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this 29th day of February, One thousand Nine hundred and Fifty-two.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the Governor-General-in-Council.

E. H. LOUW.

ANNEXURE.

Commodity or Goods.	*Stated Weight.*
Bakers' Cones	180 lb.
Barley	150 lb.
Bran (mealie)	80 lb.
Bran (wheaten)	100 lb.
Buckwheat	150 lb.
Cockle	200 lb.
Ground-nuts (shelled)	200 lb.
Ground-nuts (unshelled)	75 lb.
Hominy-chop	150 lb.
Kaffir-corn	200 lb.
Maize-flour	180 lb.
Malt (barley)	168 lb.
Malt (kaffir-corn)	180 lb.
Mealies	200 lb.
Mealies (seconds)	180 lb.
Mealies (crushed)	180 lb.
Meal—	
Boer	200 lb.
Mealie	180 lb.
Rye	200 lb.
Germ	150 lb.
Mealie-rice or maize-grit	180 lb.
Oats	150 lb.
Oats (crushed)	100 lb.
Onions	120 lb.
Pollard	150 lb.
Potatoes	150 lb.
Potatoes (sweet)	120 lb.
Rice	160 lb.
Rye	200 lb.
Samp	200 lb.
Sunflower Seed	100 lb.
Wheat	200 lb.

✱ No. 43, 1952.]

DECLARATION OF A SOIL CONSERVATION AREA.

Under the powers vested in me by section *twenty-six* of the Soil Conservation Act, 1946 (Act No. 45 of 1946), I do hereby declare the area defined in the Schedule hereto and situated in the Magisterial District of Camperdown, in the Province of Natal, to be a soil conservation area.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Eighth day of February, One thousand Nine hundred and Fifty-two.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the Governor-General-in-Council.

S. P. LE ROUX.

BYLAE.

BEPALING VAN DIE GRONDBEWARINGSGEBIED SHONGWENI-DAM.—GRENSBESKRYWING.

Van die noordwestelike baken van die plaas Woody Glen 1247, langs die grense van en insluitende die volgende eiendomme, na mekaar, naamlik, genoemde Woody Glen, Perseel B. 6617, Perseel K. 7610, Water Frost 8120, Perseel ZZ 9816, grond A.G. 7688, grond A.F. 7962, grond A.E. 6616, grond A.D. 10633, gedeelte 124 van Sterkspruit 907, Persele 15 tot 48 van Sterkspruit 907, Assagay Kraal 853, Kirkman 915, Waterfall 948, Salem 1052 tot by die Umlaasrivier; daarvandaan in 'n westelike rigting langs genoemde rivier tot by die suidelike grens van genoemde Woody Glen; daarvandaan in 'n noordwestelike rigting langs die grens van genoemde Woody Glen tot by eersgenoemde baken.

SCHEDULE.

DEFINITION OF THE SHONGWENI DAM SOIL CONSERVATION AREA.—DESCRIPTION OF BOUNDARIES.

From the north-western beacon of the farm Woody Glen 1247, along the boundaries of and including the following properties, in succession viz., the said Woody Glen, Lot B. 6617, Lot K. 7610, Water Frost 8120, Lot ZZ 9816, ground A.G. 7688, ground A.F. 7962, ground A.E. 6616, ground A.D. 10633, portion 124 of Sterkspruit 907, Lots 15 to 48 of Sterkspruit 907, Assagay Kraal 853, Kirkman 915, Waterfall 948, Salem 1052 to the Umlaas River; thence in a western direction along the said river to the southern boundary of the said Woody Glen; thence in a northwestern direction along the boundaries of the said Woody Glen to the beacon first named.

GOVERNMENT NOTICES.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer:—

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER EN DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE

✱ No. 538.] [21 Maart 1952.

AANSTELLING VAN PERSOONLIKE PERSONEEL VAN SY EKSELLENSIE DIE GOEWERNEUR-GENERAAL.

Hierby word bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om die volgende aanstelling tot sy personeel personeel met ingang van 1 Maart 1952 te maak:—

Aide-de-Camp: Tydelike kaptein Sydney Grey de la Harpe, S.A.L.M.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

✱ No. 513.] [21 Maart 1952.

Hierby word bekendgemaak dat die Oordragboeke van die Plaaslik Geregistreerde Effekte van 3¼ Persent, 12 Jaar-lening (Spaareffekte-uitgifte) van 1 April 1952 tot en met 1 Mei 1952 gesluit sal wees en dat die diwidende betaalbaar op 1 Mei 1952, aan die effektebesitters wat op die datum van die sluiting van die Oordragboeke geregistreer is, betaal sal word.

✱ No. 523.] [21 Maart 1952.

AANSTELLING VAN REGISTRATEUR VAN BANKE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om kragtens subartikel (1) van artikel *drie* van die Bankwet, 1942, die aanstelling van Gerald William Gaylard Browne, Vakkundige Assistent in die Tesourie, as Registrateur van Banke in die plek van Ernst Heinrich Daniel Arndt, M.A., Ph.D., met ingang van 14 Februarie 1952 goed te keur.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

The following Government Notices are published for general information:—

OFFICE OF THE PRIME MINISTER AND DEPARTMENT OF EXTERNAL AFFAIRS.

✱ No. 538.] [21 March 1952.

APPOINTMENT OF PERSONAL STAFF OF HIS EXCELLENCY THE GOVERNOR-GENERAL.

It is hereby notified that His Excellency the Governor-General has been pleased to make the following appointment to his personal staff with effect from the 1st March, 1952:—

Aide-de-Camp: Temporary Captain Sydney Grey de la Harpe, S.A.A.F.

DEPARTMENT OF FINANCE

✱ No. 513.] [21 March 1952.

Notice is hereby given that the Transfer Books of the 3¼ Per Cent. Local Registered Stock, 12 Year Loan (Savings Bond Issue) will be closed from the 1st April, 1952, to the 1st May, 1952, both days inclusive, and that the dividend due on the 1st May, 1952, will be paid to the stockholders registered at the date of closing of the Transfer Books.

✱ No. 523.] [21 March 1952.

APPOINTMENT OF REGISTRAR OF BANKS.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased to approve in terms of sub-section (1) of section *three* of the Banking Act, 1942, of the appointment of Gerald William Gaylard Browne, Professional Assistant in the Treasury, as Registrar of Banks, with effect from the 14th February, 1952, and *vice* Ernst Heinrich Daniel Arndt, M.A., Ph.D.

✱ No. 524.] [21 Maart 1952.

AANSTELLING VAN REGISTRATEUR VAN BOUVERENIGINGS.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om kragtens artikel *twee* van die Bouverenigingswet, 1934, die aanstelling van Leon Wouter Verheyen, Hoofklerk in die Tesourie, as Registrateur van Bouverenigings in die plek van Ernst Heinrich Daniel Arndt, M.A., Ph.D., met ingang van 14 Februarie 1952, goed te keur.

✱ No. 525.] [21 Maart 1952.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *een* van Wet No. 13 van 1855 (Kaap), sy goedkeuring te heg aan die aanstelling van Neville Alfred Howse as Waarnemende Koopvaardymeester te Kaapstad gedurende die afwesigheid, met vakansieverlof, van Lytton William Horsford James.

✱ No. 526.] [21 Maart 1952.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat Neville Alfred Howse gedurende die afwesigheid, met verlof, van Lytton William Horsford James as Waarnemende Ontvanger van Doeane en Aksyns, Kaapstad, aangestel is.

✱ No. 527.] [21 Maart 1952.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat Charles Frederick Phelps gedurende die afwesigheid van Neville Alfred Howse as Waarnemende Ontvanger van Doeane en Aksyns, Johannesburg, aangestel is.

✱ No. 535.] [21 Maart 1952.

BOUVERENIGINGSOPGAWES.

Ingevolge artikel *vier-en-veertig* (3) van die Bouverenigingswet, 1934, word onderstaande Saamgestelde Opgaaf vir algemene inligting gepubliseer:—

✱ No. 524.] [21 March 1952.

APPOINTMENT OF REGISTRAR OF BUILDING SOCIETIES.

